

20 November 2014

Jaargang 7 – Uitgawe 40

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en werkrumtes
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org
Die Hervormer www.hervormer.co.za
e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

VOORBLAD

Hoop, vrede, vreugde en liefde vir almal

Die laaste Sondag van die kerklike jaar (vanjaar op 23 November) staan bekend as Ewigheidsondag, Dodesondag of Voleindingsondag. Dis amper soos die kerk se eie Oujaar. Hierna begin Advent – die kerk se Nuwejaar.

Soos met 'n gewone jaarkalender, is dit die gebruik om met die oorgang van die ou na die nuwe jaar te besin oor dit wat verby is, sodat ons die nuwe jaar moedig kan ingaan. In die Nederlandse tradisie gedenk Christene in hierdie tyd die geliefdes wat aan die dood afgestaan is. Hulle gee erkenning aan hul eie lewensgeskiedenis deur die mense wat voor hulle geleef het en deur wie hulle lewe verkry het, te onthou.

In Advent maak die kerk haar reg vir die koms van Jesus. Dit is iets waarna ons uitsien – om God by ons te hê. In die gees van Ewigheidsondag is dit dan miskien goed om weer te onthou wie Jesus voorafgegaan het.

Matteus begin sy Evangelie met 'n lang lys name van die persone wie se lewens die tuig was waardeur die Messias sou kom. 'n Mens verwag 'n paar belangrike name om hier op te duik, en dit gebeur ook. Maar dan is daar 'n verrassing in die geslagsregister: Matteus meld vier vroue. Moderne Bybelwetenskap het ons gewys hoe ongewoon dit vir 'n Joodse geslagsregister is om vroue in te sluit.

Die vroue in Matteus se weergawe van Jesus se geslagsregister sou drie maal onrein gewees het. Hulle is in die eerste plek vroue, wat beteken hulle kon volgens Joodse tradisie nie aktief meedoen aan die openbare lewe nie. Hulle is van heidense afkoms en hulle het almal 'n insident beleef wat hul morele vroomheid onder verdenking plaas.

Die voormoeders van Jesus was in hierdie drie opsigte buitelanders. Mense wat nie sou inpas nie, wat nie volgens die Israelitiese volksidentiteit by Israel kon hoort nie. Maar hulle is deel van God se geskiedenis met Israel. Dieselfde geskiedenis waaruit die Messias sou kom. Dis amper asof die geslagsregister vir ons 'n vooruitskouing op Jesus se lewe gee. 'n Lewe wat dit baie duidelik maak dat mense belangriker as reëls is.

Die temas van Advent is hoop, vrede, vreugde en liefde. Dit is temas wat ook in die lewens van die vroue in Jesus se geslagsregister weerklink, hoewel hul stories aanvanklik lyk of daar nie 'n goeie uitkoms kan wees nie.

Tamar (Gen 38) neem uit desperaatheid om 'n lewe vir haarself te verseker 'n drastiese stap wat haar haar lewe kan kos, maar haar hoop beskaam nie. Ragab (Jos 2 en 6) loop 'n enorme risiko om die verspieders te help – sy het geen versekering dat hulle haar nie na die oorname van Jerigo as buit sal behandel nie. Rut kry die geleentheid om weer by haar eie volk en mense te gaan woon, maar sy is bereid om met 'n verlangse familielid van haar oorlede man te trou om by Naomi te kan bly. Batseba (Matteus verwys na haar as die vrou van Urija) word in 2 Samuel tussen twee mans vasgevang en moet tussen baie ander vroue in 'n harem gaan woon. Maar sy leer uit haar omgewing en kan vandaar aan die politiek deelneem om haar seun te help om koning te word, wat vir haar 'n lewe van gemak en status verseker.

God maak hoop, vrede, vreugde en liefde moontlik vir mense wat volgens die samelewing se gebruike en reëls nie inpas nie. Dit was voor Jesus se geboorte so. Dit was in Jesus se lewe so. Dit is vandag nog so.

Mag dit ook vir ons 'n werklikheid wees om na uit te sien en onself voor te beywer in die nuwe kerklike jaar.

Ds Carusta van der Merwe
Nederlandsprekende Gemeente

BEROEPE EN WERKRUIMTES

Beroep ontvang

- **Dr FJ (Frikkie) Labuschagne** (Sinodaal) na Olifantsfontein (deelydse werkruiimte)



Dr Frikkie Labuschagne

Ds Jan Rossouw

Beroep aanvaar

- **Dr FJ (Frikkie) Labuschagne** (Sinodaal) na Olifantsfontein (deelydse werkruiimte)
- **Ds JAC (Jan) Rossouw** (emeritus) na Clocolan (deelydse werkruiimte)
- **Ds JM (Marthinus) van Staden** van Gaborone na Klerksdorp-Doringkruin
- **Prop CL (Nelius) van Niekerk** (beroepafwagend) na Grimbeekpark (deelydse werkruiimte)



Ds Marthinus van Staden

Prop Nelius van Niekerk

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na produksie@nhk.co.za. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- Emerituspredikant **dr Christo Viljoen** van Bronkhorstspuit sterk tans aan na 'n operasie. Ons bid hom spoedige beterskap toe, en baie sterkte vir hom en sy vrou, Kotie.
- **Ds Quinten Schimper** van die Roedtan/Piet Potgieter-kombinasie het onlangs verloof geraak aan Belinda Muller. Baie geluk!
- Ons dink in hierdie dae aan **ds Theuns Botha en sy vrou Adri** wat tans in Zimbabwe diens doen. Hulle sit al byna 'n week lank sonder elektrisiteit, en mev Botha was verlede Vrydag in 'n motorongeluk in Harare. Hul motor is afgeskryf en hulle kan dit nie vervang nie. Dit was 'n Toyota Corolla, lig op brandstof; die versekerde bedrag is R31 000. Hulle kan nie 'n voertuig in die RSA koop nie, want die invoerkoste is 45%. 'n Redelik goeie ingevoerde tweedehandse voertuig beloop van \$10 000 tot \$12 000. Die Bothas oorleef al drie jaar lank in Zimbabwe, maar die situasie raak al moeiliker.
- **Ds Joseph Motloba** van die Maranatha Reformed Church of Christ (MRCC) se **skoonmoeder** is verlede Vrydag oorlede. Mamoruti Motloba se moeder, **Adeline Motlhake**, sal Saterdag 22 November in Monakato, Rustenburg, begrawe word. **Ds Norman Sekepe Motloutsi** (63) van die Soshanguve-gemeente is Donderdag 13 November oorlede. Hy was ook lid van die MRCC se Kuratorium. Ds Motloutsi word ook op Saterdag 22 November ter ruste gelê. Ons innige simpatie gaan aan die MRCC en die oorledenes se naasbestaandes.
- **Spesiale deurkollekte vir Bejaardesorg. Sondag 23 November** se deurkollekte word deur die Kerk gegee vir bejaardesorg in die Monumenttehuise en Ons Tuis. Dit word aangewend vir bejaardes wat nie meer die koste kan bybring vir inwoning in ons tehuise nie. Die koste aan veral salarisse, elektrisiteit en voedsel word jaarliks hoër, maar ons bejaardes se inkomste verhoog nie. Op hierdie manier help elke lidmaat om 'n bejaarde wat dit nodig het, te versorg. (Gemeentes is welkom om die deurkollekte op 'n ander Sondag in te samel.) Kassiere word versoek om hierdie deurkollekte in die Raad van Finansies se rekening in te betaal, en die volgende verwysing te gebruik: BEJS + gemeentenaam. Gemeentes word ook versoek om die **skyfie** wat saam met hierdie *e-Hervormer* uitgestuur word, voor 23 November se erediens te vertoon.



Ds Quinten Schimper en Belinda Muller

ONTHOU!! Bejaardesorgsondag 23 November 2014

Met 1,176 bejaardes wat ons versorg waarvan talke ten volle deur ons ondersteun word.

U deurkollekte wat vandag spesiaal vir bejaardes bedoel is, kan 'n verskil maak!



Bejaardesondag-skyfie



Ds Nick Alberts

- **Aksiegroep vir Bejaardes.** Die Kersseisoen het aangebreek. Dit is die tyd vir gee en ontvang, geskenke uitdeel, vrygewigheid, mededeelsaamheid en gasvryheid. Vir die meeste mense is dit 'n tyd vol vreugde, saamwees en omgee. Tog is daar baie wat stil word en verlang. Hul eensaamheid is oorweldigend. Veral bejaardes sonder kinders, of met kinders en kleinkinders wat ver is, selfs in ander lande. Kom ons kyk rondom ons, naby ons en sien hulle raak. Help hulle om met 'n glimlag in hierdie seisoen weer te kan droom. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.
- **Dr Piet Boshoff** van Gemeente Vereeniging emeriteer aan die einde van November 2014. **Ds Chris Schoeman** van Gemeente Boksburg emeriteer aan die einde van Januarie 2015. **Ds Daan Smit** (voorheen beroepafwagter) het aan die einde van Desember 2013 geëmeriteer.
- **Ds Nick Alberts** is op 11 November 2014 losgemaak van Gemeente Wonderfontein. Hy is nou beroepafwagter. Ds Alberts is op 24 November 1988 geëgtimeer en op 14 Mei 1989 georden, waarna hy sy diensplig te Voortrekkerhoogte voltooi het. Hy was sedert 1990 predikant in Walvisbaai, en sedert 1995 in Wonderfontein.
- **Ds André Strauss** is nie meer predikant van die NHKA nie omdat hy lidmaatskap by Gemeente Christchurch van die Afrikaanse Christenkerk in Nieu-Seeland opgeneem het. **Ds Chantel Francis** is nie meer predikant van die NHKA nie omdat sy 'n beroep aanvaar het na die NG gemeente Potgietersrus-Oos. **Ds Doret Müller** is nie meer predikant van die NHKA nie omdat sy 'n beroep aanvaar het na die NG gemeente Postmasburg.
- **Die Kerkhistoriese Genootskap** se **jaarkongres** vind op **Donderdag 27 November** by Gemeente Pretoria plaas. Die tema is *Verset teen die owerheid: Die Rebelle van 1914*. Verrigtinge begin om 09:30, waarna **prof AWG Raath** aan die woord is oor die Rebelle van 1914: Generaal JH de la Rey en Siener van Rensburg. **Emeritusprof SJ Botha** sal praat oor die Nederduitse Hervormde Kerk en die Rebelle van 1914. Na die oorhandiging van die SP Engelbrecht-erepenning aan dr Kálmán Papp, sal **dr Wim Dreyer** Reformatoriese perspektiewe gee oor verset teen die owerheid. Na afloop van algemene repliek vind die jaarvergadering plaas. Rig navrae aan dr Christo Pretorius by 083 651 9634 of praetorc@telkomsa.net.
- **Gemeente Vaalwater** het hul bedieningsplan aangepas en het so spoedig moontlik **die dienste van 'n predikant nodig** vir die **eerste en tweede Sondag van elke maand**. Die erediens is om 09:30. Die predikant is ook verantwoordelik vir die bediening van sakramente indien dit op die betrokke Sondag val. Tydens die besoeke sal die predikant in oorleg met en op versoek van die kerkraad betrokke wees by die kategese. Die kerkraad is bereid om die predikant R2 000 per preekbeurt te betaal, wat reiskoste insluit. Ad hoc-besoekgeleenthede sal op versoek van die kerkraad met die predikant gereël word teen addisionele vergoeding. Huisbesoek en ander ad hoc-besoeke sal op die kerkraad se versoek met die betrokke predikant gereël word. Reiskoste wat met laasgenoemde verband hou, sal volgens voorgestelde skale betaal word. Indien dit nodig sou wees dat die predikant moet oorslaap, reël die kerkraad verblyf by 'n gastehuis in Vaalwater. Predikante wat belangstel, moet asseblief **teen 28 November 2014** met Ben van Buuren in verbinding tree by 082 568 8916.
- **Ring van Roodepoort: Organiseerder Evangelisasiewerk.** Die ring wag aansoeke in vir 'n evangelisasiepos teen onderhandelde vergoeding. Die suksesvolle kandidaat sal 'n teologiese gegradueerde wees met 'n belangstelling in evangelisasie. 'n Nagraadse kwalifikasie in evangelisasie sal 'n aanbeveling wees. Hy/sy sal in samewerking met evangelisasiekomitees in die gemeentes van die ring van Roodepoort evangelisasie-inisiatiewe beplan en lei. Die aanstelling sal vir 'n sekere tydperk wees en sal dan geëvalueer word in terme van die



daadwerklike groei wat in die gemeentes plaasgevind het. Belangstellendes kan 'n kort en toepaslike CV stuur aan die voorsitter van die ring, ds Kobus Pienaar, by ajpienaar1@gmail.com.

- Die **Desember 2014-uitgawe van *Die Hervormer*** is nou beskikbaar. Lees onder meer hoe om in die Kerstyd uit te reik na ander, en met vreugde die oorwinning oor die duisternis te vier. Die ADV vertel meer oor hul opwindende nuwe Projek 21, en een van ons jong predikante verduidelik wat studente aan die Universiteit leer oor Jesus. 'n Lidmaat kyk met nostalgie terug op die geskiedenis van Gemeente Rensburgrust in Eldoret, Kenia. Ons vertel ook meer oor die nuwe era wat met die Januarie/Februarie 2015-uitgawe van *Die Hervormer* aanbreek – 'n kerklike publikasie wat dan reeds die 10de uitgawe van Jaargang 107 sal wees! Die Desember-uitgawe kan teen R15 per eksemplaar (posgeld uitgesluit) bestel word van mev Susann van Zyl by sentik@nhk.co.za, tel 012 322 8885 x291 of faks 086 633 4054.
- SENTIK is daarop ingestel om publikasies van gehalte aan die Kerk te lewer, en hierdie publikasies stiptelik te voltooi en te versend. Die **Poskantoorstakings** het ongelukkig daartoe gelei dat talle lidmate en gemeentes nie die tydskrifte waarop hulle ingeteken het, betyds ontvang het nie. Dit was ook nie moontlik om boekbestellings en pakkies vir gemeentes te pos nie. Gelukkig word daar nou berig dat September en Oktober se tydskrifte in baie gevalle reeds afgelewer is, terwyl November en Desember se publikasies die gemeentes binnekort behoort te bereik. Die onbetroubare diens van die Poskantoor en die onsekerheid oor die Poskantoor se vermoë om in die voorsienbare toekoms beter diens te lewer, het SENTIK en die Sinodale Kerkkantoor genoop om kwotasies van **koeriermaatskappye** aan te vra. 'n Aantal kwotasies word tans oorweeg en gemeentes sal binnekort meer inligting ontvang oor die manier waarop die tydskrifte en pakkies van die begin van 2015 af na gemeentes gestuur sal word. **Gemeentes in Pretoria** sal steeds hul tydskrifte en pakkies by die Sinodale Kerkkantoor kom afhaal, en die bestaande reëling met **gemeentes in Namibië** sal nie geraak word nie. **Al die ander gemeentes in die Kerk word egter versoek om dringend 'n fisiese adres aan SENTIK te voorsien waar 'n koerierdiens pakkies kan gaan aflaai.** Stuur asseblief die naam van die gemeente, die naam en nommer van 'n kontakpersoon, en die fisiese adres aan mev Susann van Zyl by sentik@nhk.co.za, tel 012 322 8885 x291 of faks 086 633 4054.
- 'n **Video** waarin dr Wim Dreyer, voorsitter van die Kommissie van die AKV, aan die woord is, is op **YouTube** gelaai. Die skakel is <http://youtu.be/rSo7IMS08UA>. Lidmate kan gerus ook kyk na 'n video waarin die administrateur, mnr Elmar Struwig, en senior personeel van die Sinodale Kerkkantoor gesels oor die begrotingsproses vir die 2015-2016 finansiële jaar. Die skakel na dié video is: http://youtu.be/7_kdEGSZQhM.

Liturgiese kalender

- **Die eerste Sondag van Advent**
Sondag 30 November is die eerste Sondag van die nuwe kerklike jaar. Hierdie Sondag staan ook bekend as die eerste Adventsondag. Binne die Calvinistiese tradisie word op hierdie Sondag aandag gegee aan die wederkoms van Christus (terwyl die tema in die Lutherse tradisie op die tweede Adventsondag aandag geniet). Die rede vir hierdie keuse is dat daar vir vier agtereenvolgende weke op eskatologiese temas gekonsentreer kan word. Die argument agter dié toespitsing is dat die koms van die Seun van God in samehang met sy wederkoms bedink moet word. Anders gestel: Die koms van die Verlosser word maar oppervlakkig bedink indien dit nie ook vanuit die perspektief van sy wederkoms bedink word nie. Daar is talle tekste in die Bybel en liedere in die Liedboek wat op hierdie Sondag gebruik kan word. Geen voorskrifte is daarom nodig nie.



Spesiale eredienste

- **Gemeente Grimbeekpark: Ordening van prop Nelius van Niekerk**
Sondag 23 November om 10:30
Bevestiging deur ds Leon Geel
Navrae aan grimbeekpark@nhk.co.za
- **Gemeente Noordelike Pretoria: 80-jaar-viering**
Sondag 30 November om 09:00
12de Laan 512, Gezina, Pretoria
Alle oudlidmate en belangstellendes is welkom
Na die diens om 12:00 word gebraai by die nuwe onderdakbraai
Etes beskikbaar, bring eie drinkgoed
Bevestig **voor 23 November** aantal persone wat gaan bywoon
Kontak Marian Jordaan by 082 937 7562 / marianjordaan@telkomsa.net
of Pikkie Truter by gemeentelike kerkkantoor
012 335 9148 / 083 404 5552 / nhknp123@gmail.com
- **Gemeente Sionspoort: Kerssangdiens**
Sondag 30 November om 19:00
Die Whitechapel Ringers (klokkekoor)
Saam met Isabel Nevill en die gemeentekoor
Skakel 082 464 1547 vir meer inligting

Gedig

Blou Nyl

*Ons liefde lank gelede was die wind,
wolke wat breek, die tuimel van bergstrome
oor hoë kranse en deur dale,
hartstog, verlange, drome.*

*Maar nou het waar die vlaktes is
die onrus van die jeug verdwyn
en kronkel daar 'n diep rivier
magtig en stil deur die woestyn.*

Ronnie Belcher (1933-2006)
(Uit: *Mens en Skepper* 1956)

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 28 November, en word hartlik geluk gewens:**
 - o Donderdag 20 November: Prof J (Johan) Buitendag (UP) en ds CJA (Cornie) Pieterse (emeritus)
 - o Saterdag 22 November: Dr PB (Piet) Boshoff (Vereeniging) en ds LS (Lammert) van Rooyen (Leeudoringstad/Makwassie)
 - o Sondag 23 November: Di ME (Mariaan) Beukes (beroepafwagting) en HS (Henk) Joubert (Welgelegen-Pietersburg)
 - o Maandag 24 November: Di JJ (Jacques) Pieterse (Laer Suidkus) en CAP (Neels) van Tonder (Buffelspoort)
 - o Dinsdag 25 November: Ds JPJ (Johan) Wagenaar (emeritus)
 - o Woensdag 26 November: Ds GJ (Gert) van Staden (emeritus/Koedoesrand)
 - o Vrydag 28 November: Dr BJ (Barry) van Wyk (emeritus/Rust der Winter/Waterberg/Zoutpansberg) en ds SH (Fanie) Willers (Grootvlei)



Beplande vergaderings

- o Donderdag 20 November: Bejaardesorg Bestuurskomitee
- o Vrydag 21 November: Raad van Finansies
- o Dinsdag 25 November: Predikante en Personeel Pensioenfonds
- o Vrydag 28 November: Sinodale Kerkkantoor Jaareindfunksie

Behuising



Studente-akkommodasie
Universiteit Pretoria

Gemeubileerde kamers in private koshuis en kommunes beskikbaar vir studente
Naby Universiteit, sportgronde en inkopiesentrums
Vir Afrikaanse Christenseuns en -meisies

Vanaf R2 800

+27 12 362 1192 / +27 79 500 7500 / +27 71 659 6114
E-pos: admin@tukiestate.co.za / Info: www.tukiestate.co.za

- **Van Rensburg Monumenttehuis in Danville**
24-uur uitmuntende versorgingsdiens vir bejaarde persone
Tans plek beskikbaar – **ook vir tydelike versorging in die Desembervakansie**
Kontak Matrone Rensie van Tonder by 012 386 5730
- **Behuising vir bejaardes**
Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville
Enkel- en dubbelkamerinwoning vir bejaardes wat nog selfversorgend is
Aangename huislike atmosfeer, 2 etes ingesluit by losies, billike tariewe
Gereelde sosiale programme
Vir meer inligting kontak mev Marie Hunter by 012 386 5310
- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**
Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad
Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301
of ds Kathleen Smith by 021 551 5264
- **Behuising vir bejaarde egpare en enkellopendes in versorgingseenheid**
Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis
Parys, Vrystaat
Navrae aan Alet Botha by 056 811 2185 / AletB@otmt.org

Gemeente Bronkhorstspuit Aftree-eenhede

De Oude Pastorie Trust Bronkhorstspuit

Tweeslaapkamereenhede met stoep en toesluitmotorhuis word in die vooruitsig gestel onder die Wet op Behuisingontwikkelingskemas vir Afgetrede Persone (65 van 1988) op basis van lewensreg.

R730 000 onderhewig aan eskalاسie

Die eenheid sal reg teenoor die Hervormde kerkgebou (langs die ou pastorie) opgerig word en is binne loopafstand van 'n verskeidenheid besighede, dokters, apteke, oogkundiges, poskantoor, munisipale kantore, ensovoorts.



Kontak die gemeente gedurende kantoorure by 013 932 2929 of 082 353 9752



Allegaartjie

Moenie bang wees om groot treë te gee nie. Jy kan nie met twee klein sprongetjies oor 'n groot kloof spring nie. (David Lloyd George)

Kampe en kampterreine


- **Gemeente Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp 2015**
Plek: *Serube Sa Phakwe*
(avontuur-, sport- en lewensvaardigheidsentrum in die Vredefort-koepel)
Datum: Dinsdag 6 tot Vrydag 9 Januarie 2015
Vertrek Dinsdag 6 Januarie om 13:00
Terug Vrydag 9 Januarie om 13:00
Vertrekpunt: Vanaf die kerkgebou in Silwerstraat 19
Ons ry almal saam per bus – jy gaan hier reeds begin vriende maak!
Skakel dr Rudy Denton by 082 459 9710
of Terzie Denton by 082 475 4618
of Cari Lourens by 076 971 0326 indien jy enige vrae het
Besoek ons webblad vir registrasie:
<http://www.studentegemeente.com>
<http://www.facebook.com/PotchStudente>
- **Tuks-eerstejaarskamp 2015**
(Studentegemeente Philadelphia se Eerstejaarskamp)
Saterdag 10 tot Woensdag 14 Januarie 2015 by Kwaggasrus
Besoek webblad www.tuksejk.co.za vir inskrywingsvorm en inligting
Navrae: Dr Sanrie de Beer (083 226 1866) / ds Martin Slabbert (082 655 4787)
Bemaking: Kornel Korb (071 602 3817) en Su-Marie Calitz (084 423 1031)
- **Gemeente Stellenbosch: Eerstejaarskamp 2015**
Terrein net buite Stellenbosch
Saterdag 17 tot Dinsdag 20 Januarie 2015
Begin Saterdag 17 Januarie om 12:00 by die kerkgebou
hv Bosman- en Hofmeyrstraat, Stellenbosch
Terug Dinsdag 20 Januarie om 15:00
Kom geniet 'n heerlike kamp, maak vriende en leer die kampuslewe ken
Kontak ds Chris le Roux by 079 495 3239 / stellenbosch@nhk.co.za
of Wynand Vlok by 18214657@sun.ac.za
- **Gemeente Kaapstad se kampterrein**
Bekostigbare akkommodasie in Desember-skoolvakansie
Kom kuier Desember op Melkbosstrand
Die kampterrein word weekliks as kleuterskool bedryf
Die badkamerfasiliteite is vanjaar opgeknep
Slaapplek @ R100 per persoon per nag
Plek beskikbaar vanaf 12 Desember 2014
Navrae: Sarie van Schalkwyk 021 553 2110
- **Tarentaalpan: Jeugkampterrein Thabazimbi**
Beplan jy 'n jeug- of gemeentekamp?
Maak dit 'n Bosveldervaring!
Net buite Thabazimbi – 2 tot 3 ure van Pretoria en Johannesburg
Loer by www.tarentaalpankamp.co.za
Besprekings: Rika 083 255 7963

DANIËL

Die heerskappy behoort aan God

'N 11-WEKE-STUDIE VIR KLEINGROEPE – JACO THOM

Wie ken nie die verhale van Daniël en sy drie vriende, van die brandende oond, die enorme standbeeld en die leeukuil nie? En wie kan die geheimsinnige skrif teen die muur vergeet? Die boek *Daniël* is egter nie net vol onvergeetlike heldedade nie. Dit is geskryf om gelowiges aan te spoor om in moeilike tye op God te bly hoop. Daarom vleg daar een element soos 'n goue draad deur al hierdie verhale: Daniël en sy drie vriende se onwrikbare vertroue op God. 'n Bybelstudie om jou aan te spoor om op God te vertrou, want die God van Daniël is vandag steeds in beheer van die lewe van dié wat in alle omstandighede aan Hom getrou bly.



Direkte bestellings:
bestel@bmedia.co.za
 Deeloproepe:
0860 26 33 42
 E-aankope:
www.bybelmedia.co.za

Fondsinsameling

- **Gemeente Magaliesmoot: Kaas-en-wyn-kuieraand**
Saterdag 29 November, 18:30 vir 19:00
Under the Tuscan Moon
 Elindi van den Heever as gaskunstenaar
 R120 per persoon, R100 vir pensioenarisse en R50 vir laerskoolkinders
 Navrae aan ds David Barnard by 083 441 1789 / davidbarnard@mweb.co.za

Basaars en markte

- **Maandag 24 tot Saterdag 29 November 09:00-21:00**
Gemeente Trichardtsfontein: Kersmark
 Prinsloostraat, Trichardt
 Unieke Kersgeskenke, deurlopende teetuin, verversings
 Springkasteel, klasse, kindertoesig, skaap te wen
 Navrae aan Marietjie Breytenbach by 072 105 6328
 of Abraham Breytenbach by 072 484 4105
- **Vrydag 28 en Saterdag 29 November**
Gemeente Sionspoort: Kersmark
 Handgemaakte items van hoë kwaliteit te koop
 Talle kosstalletjies en vermaak
 Die diakonie trakteer minderbevoorregte kinders
 (Sondag 30 November: Kerssangdiens om 19:00)
 Kyk bladsy 5 vir meer hieroor
 Skakel 082 464 1547 vir meer inligting
- **Vrydag 28 November vanaf 14:00**
en Saterdag 29 November 08:00 tot 13:00
NHSV, Gemeente Warmbad: Kersmark
 By die kerksaal in Ludorfstraat (tussen Mentz- en Groblerstraat), Bela Bela
Vrydag: Kosstalletjies en uitstallers
 Vanaf 18:30: Lig-en-Kersmelodie (toegang gratis en verversings te koop)
Saterdag: Ontbyt, kothuis-, koek-, kos- en ander stalletjies, teetuin
 Navrae oor uitstallings en stalletjies:
 Suzi van Dyk 083 310 4949 (thysan@mosmail.co.za)
 Mercia Bacon 083 557 6185 (ná 14:00)
- **Saterdag 29 November: Gemeente Wesmoot: Kersmark**
 By Makro in Wonderboom
 Enige gemeente wat wil saamwerk, kan ds Fanie Beukes kontak
 073 167 1183 / faniebeukes@yahoo.com



- **Saterdag 29 November vanaf 14:00**
Gemeente Greylingstad: Kersmark
Uitstallers kan plek bespreek teen R100 per stalletjie
Kontak Sarie Pieterse by 082 903 4336 / ds Fanie Naudé by 083 391 3151
Greylingstad is 50 km vanaf Heidelberg op die ou Durbanroete
Later Kersliedere by kerslig, gelei deur Nelmarie en Christaan Rabie
Verversings te koop

ANDER NUUS

- Die **Ondersteuningsraad** soek dringend 'n **sekretaresse** vir hul Kantoorkomitee. Hulle vergader 1 x elke 3 maande. Die vergadering begin gewoonlik om 08:30. Hierdie is 'n **vrywillige diens**, vir iemand met 'n hart vir welsyn wat graag betrokke wil raak. Daar is dus **geen finansiële kompensasie** nie. Die pligte is die afneem en tik van die notule. Belangstellendes kan die OSR kontak by 014 717 3594.
- Na byna 25 jaar in diens van die **Bybelgenootskap**, waarvan 17 as uitvoerende hoof, tree **ds Gerrit Kritzinger** aan die einde van November af. Hy het in 1990 as organiserende sekretaris in die Oos-Kaap by die Bybelgenootskap aangesluit en in 1993 word hy hoof van daardie streek. In 1994 word hy adjunk uitvoerende hoof van die Bybelgenootskap en van 1 Januarie 1998 is hy die uitvoerende hoof. Ds Kritzinger sê die hoogtepunt vir hom is die publikasie van die eerste volledige Bybel ooit in isiNdebele. Die publikasie van hierdie Bybel in 2012 het meegebring dat al 11 amptelike tale van Suid-Afrika nou oor 'n volledige Bybel beskik. Ds Kritzinger het onder andere in die Afrika Raad van Bybelgenootskappe gedien (2001 tot 2008) asook in die Wêreldraad van Bybelgenootskappe (2001 tot 2009). Hy was ook in albei hierdie rade die eerste Suid-Afrikaner wat tot voorsitter verkies is. Voor sy koms na die Bybelgenootskap het ds Kritzinger, 'n NG predikant, die gemeentes Algoapark in Port Elizabeth en Cradock-Oos bedien. Sy opvolger vanaf 1 Desember as uitvoerende hoof is **ds Dirk Gevers**. Hy is 'n Presbiteriaanse predikant wat reeds sewe jaar in diens van die Bybelgenootskap is.



Ds Gerrit Kritzinger

Ds Dirk Gevers

Die **Hervormde Kerk** bedank ds Kritzinger vir jare se voortreflike diens wat die goeie verhouding tussen die Kerk en die Bybelgenootskap bestendig het, en wens ds Gevers God se seën toe op die leidende rol wat hy nou aanvaar.

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees. (Let asseblief op die nuwe groottevoorskrif.)

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit). (Die prys styg met ingang van Januarie 2015 na R200 per plasing.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Ek bid nie vir wonders en visioene nie, Here.
Ek vra net krag vir elke dag.
Leer my tog, Here,
die kuns van klein treetjies gee.

– Antoine de Saint-Exupéry (1900-1944)



**Die laaste *e-Hervormer* van 2014 verskyn op Donderdag 4 Desember.
Die eerste uitgawe van 2015 verskyn op Donderdag 15 Januarie.**